

Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Junie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 71:1, 3 (p. 353)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 3 Ruk my tog uit die wrede kloue / van hul wat onreg werk, / geweld'naars my te sterk.
U is die God van my betroue / vanaf my eerste skrede / en jonkheids ver verlede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 68:1, 2 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik
lewe.
- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Gebed

Psalm 31:12, 13 (p. 146)

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.
- 13 Onthou my nie u wonderlig nie: / blik in u goedheid neer, / en red my tog, o HEER!
Laat my nie voor my haters swig nie. / Laat nooit verleë sug nie / wie biddend tot U vlug nie.

Skriflesing: 1 Petrus 4:1-11; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 4

Kernvers: 1 Petrus 4:7

**Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter
wees, sodat julle kan bid.**

(1 Petrus 4:7 AFR83)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 4

Die mag van God waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bekragtig en bewaar, is so groot dat dit nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle – deur hulle eie skuld – in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei kan word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid om nie in versoekings gelei te word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur die sondige natuur, die wêreld en Satan tot swaar en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.

'n Verduideliking by artikel 4

In artikel 3 bely ons dat die bekeerde mens steeds te swak is om alleen in die geloof staande te kan bly teen die aanslae wat kom van sy eie sondige natuur, van die wêreld en van die duiwel. Omdat die bekeerde nie alleen staande kan bly in die geloof nie, bekragtig God die bekeerdes in die genade en bewaar Hy hulle kragtig tot die einde toe.

God se bekragtiging en bewaring van die gelowige is so groot dat die mens se sondige natuur nie God se bewaringswerk tot niet kan maak of kan stuit nie. Alhoewel die bekeerde se sondige geaardheid vir homself soms te sterk is, is dit nie so sterk dat die hand van die Here heeltelmal van hom weggeslaan kan word nie.

Maar nou gebeur dit dat bekeerde mense ook dikwels sonde doen. Beteken dit dat God in daardie oomblik wat die bekeerde afgewyk het en sonde gedoen het nie die gelowige bewaar het nie? Nee, dit is nie die geval nie. 'n Mens moet die bewaring van die Here baie goed verstaan. Wanneer die Here die bekeerde bewaar, het Hy nie die bekeerde se wil weggeneem nie. Die mens word in die hand van die Here nie soos 'n pop aan toutjies wat net kan beweeg soos wat die Here hom beweeg nie (sien Dordtse Leerreëls 3 en 4:16). Die bekeerde het nog 'n wil en 'n verstand wat in 'n groot mate met sy sondige natuur deursuur is.

Daarom gebeur dit dat die bekeerde mens ook kan afwyk van die leiding van die genade omdat hy deur die begeerlikhede van sy sondige natuur verlei word en hy aan hierdie verleidings toegee. Dit is dus nie die Here wat te swak is om die bekeerde te bewaar nie, maar die bekeerde wat so moedswillig is om eerder toe te gee aan sy sondige natuur se begeertes as om getrou te bly aan die Here.

Saam met die bewaring en bekragtiging wat die Here doen het die bekeerde mens ook sy verantwoordelikheid. Hy moet voortdurend waak en bid om nie in die versoekings gelei te word nie. Hy moet sy eie oë oophou sodat hy kan sien waar die verleidings is en daarvan wegvlug. En hy moet bid dat die Gees hom sal versterk sodat hy betyds die verleidings raaksien en ook die krag sal gee om die uitkoms uit die verleiding aan te gryp.

Wanneer gelowiges nie waak en bid nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot swaar en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook onder die regverdige toelating van God daartoe verlei. Dit is nie dat God die bekeerde toelaat om te sondig nie. Dit is nooit die Here se wil dat die bekeerde moet sonde doen nie. Die Here laat Satan toe om met sy verleidings die bekeerde te teister. Dit is wat die Here onder andere gedoen het toe Dawid die volk getel het teen God se wil in.

Wanneer daar dan verleidings op die bekeerde se pad kom, moet hy daarteen waak en bid om dit deur die krag van Christus te oorwin. God se doel met die verleidings is immers om die bekeerde te leer om in die krag van die Heilige Gees te lewe en te oorwin.

Tema: God se bewaring van die gelowige sluit ook die gelowiges se waak en bid in

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, hoofstuk 5 van ons Dordtse Leerreëls is verseker een van die troosrykste gedeeltes van die Gereformeerde leer. Ons het verlede Sondag al gehoor van die groot genade wat die Here aan sy bekeerdes betoon. Hy bekragtig hulle met sy genade sodat hulle in die geloof staande kan bly. Maar die Here gee nie net aan die gelowiges gereedskap sodat hulle staande kan bly nie. In sy groot genade bewaar Hy hulle ook getrou tot die einde toe.

Die Here se werk aan en in die mens – sy bekragting en bewaring – ontnem egter nooit die gelowige van sy eie verantwoordelikheid nie. Dit het ons al by artikel 2 van hierdie hoofstuk gesien. Die gelowiges onderwerp hulleself aan die heerskappy van die Heilige Gees en daarom verootmoedig hulle hulleself voor God, neem hulle hulle toevlug tot die gekruisigde Christus en maak hulle die sondige natuur in hulle dood deur die Gees van gebed en die heilige beoefening van geloofshandelinge.

Aan die hand van ons belydenis het elke ware gelowige dus die versekering dat God hom beslis veilig sal bewaar sodat hy saam met die ander ware gelowiges veilig in die ewige koninkryk van God kan ingaan. En na aanleiding van artikel 2 het die ware gelowige boonop ook nog die versekering dat God selfs die oorblywende sonde in hom gaan gebruik om hom nog nader aan Hom te trek. Wanneer die ware gelowige immers sy verantwoordelikheid nakom, soos ons bely in artikel 2, bind die Heilige Gees hom nog inniger in Christus in.

Broers, susters en kinders, tot dusver het ons met drie duidelik onderskeibare sake te doen. Heel boaan is God se genade waarmee Hy die bekeerde bekragtig en bewaar sodat niemand – nie eers die bekeerde se eie sondige geaardheid – hom uit die hand van God kan ruk nie. Daaroor loof en prys ons die Here.

Die tweede saak waarmee ons te doen kry is die verantwoordelikheid wat die bekeerde mens het. Wanneer hy dan sondes van swakheid begaan het, moet hy agter die Heilige Gees aan hom verootmoedig voor God, sy toevlug tot die gekruisigde Christus neem en hoe langer hoe meer die sondige natuur in hom doodmaak. Hy maak sy sondige natuur dood deur die Gees van gebed en die heilige beoefening van godsvresendheid.

Die derde saak waarmee ons te doen het is hierdie sondige natuur wat elkeen van ons nog in ons rondra. Dat ons hierdie afskuwelik ding in ons het, is net ons mense se eie skuld en dit word van die een geslag na die volgende geslag voortgeplant. Uit 'n sondige mens kan daar immers net nog 'n sondige mens voortkom.

Hier in artikel 4 kom al drie hierdie onderskeie sake saam ter sprake. Ons begin, soos dit hoort, met die grootheid van God se genade. Alhoewel die sondige natuur binne-in die gelowige vir hom soms te sterk is, is dit nie so sterk dat dit God se werk kan stuit nie. Die Here gaan niks in sy pad laat staan om sy besluit oor 'n bekeerde mens uit te voer nie. Hy sál sy bekeerde mens getrou bewaar en Hy sál uiteindelik sy bekeerde mens verheerlik met die ewige lewe op die nuwe aarde saam met Hom en sy Seun Jesus Christus.

Nou bely ons verder in artikel 4: **Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle – deur hulle eie skuld – in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei kan word en dit navolg nie.** Die bekeerde mens kan dus in sonde val. In sy wysheid hou God die bekeerde mens nie afgesonder van die wêreld met al sy verleidings nie. Hy sluit gelowiges nie in kloosters toe nie. Jesus het immers nie vir sy Vader gevra om die gelowiges uit die wêreld weg te neem nie, maar om hulle in die wêreld van die Bose te bewaar (Joh 17:15).

Ons weet ook dat God die gelowiges in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur verlos nie. En elkeen van ons weet hoe hardkoppig en eiewys ons self soms kan wees. Al word ons honderd jaar oud, bly ons maar soos eiewyse kinders voor die Here wat dink ons kan self iets doen. Dit is dan soms in hierdie tye dat gelowiges so hardkoppig

eiewys is dat die Here in sy wysheid toelaat dat die wêreld en Satan met die verleidings op die gelowige afstorm. Of dit gebeur ook dat die gelowige sommer so in die gang van die dag gepeper word met allerhande verleidings.

Nou moet 'n mens nie dink dat die Here Homself daarin verlekker om te sien hoe sy kind spook en spartel teen die stroom van verleidings nie. Dit is ook nie dat die Here Homself daarin verlustig dat sy kind dan weens sy eie swakheid uiteindelik struikel en in die sonde val nie. Aan die een kant moet gelowiges altyd onthou dat die Here hulle nie onvoorbereid blootstel aan die verleidings nie. Hy het immers sy Gees en Woord aan die gelowiges gegee. Hy het die gelowige in 'n gemeente saam met ander gelowiges gevoeg. Alles is toerusting en voortdurende toerusting wat die Here aan die gelowige gee sodat hy versterk die verleidings kan weerstaan. Aan die ander kant moet die gelowiges ook onthou hoeveel keer die Here geduldig waarsku oor die sonde. Maar omdat gelowiges soos kinders is, wil hulle nie altyd na die waarskuwings van die Here luister nie. Die gelowige dink mos hy kan self en hy is sterk genoeg, die Here hoef nie bekommerd te wees nie. En dit is net daar waar die gelowige dan die groot fout maak. Sy eiewysheid gaan hom sy kop laat stamp. En soms is dit nodig dat die gelowige eers sy kop stamp voordat hy regtig sy ore oopmaak.

Ons kan verseker nou nog baie oor die gelowige se eiewysheid en uiteindelijke sonde sê, en ons gaan by die volgende artikels weer daarvoor iets sê, maar ons moet eers uitkom by die verantwoordelikheid wat die gelowige het. Met ander woorde, wat bely ons hier en wat leer die Here ons in die kernvers wat die gelowige moet doen om nie toe te gee aan sy sondige natuur nie?

In ons belydenis sê ons: ***Daarom moet hulle voortdurend waak en bid om nie in versoekings gelei te word nie.*** Petrus skryf:

Die einde van alles is naby Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid. (1 Petrus 4:7 AFR83)

Dit is opmerklik hoeveel keer ons in ons belydenisse sê dat ons moet bid. Ons bely dit so baie, want die Here beveel ons so dringend in sy Woord om te bid. Wanneer die gelowige dan bid, verheerlik hy God die Vader en die Seun, want hy erken dat hy swak is en geheel en al afhanklik is van God se krag. Gaan kyk maar wanneer 'n mens verlei word en jy gee so stadig maar seker toe aan die verleidings – dan is 'n mens se gebedslewe ook maar so effentjies. Dit is nie dat 'n gelowige dan ophou bid nie. Hy bid nog, maar hierdie verleiding wat nou so gereeld voor hom kom, noem hy nie in die gebed nie. Want hy dink mos dat hy sterk genoeg is. Hy sal nie toegee aan die sonde nie. Hy dink hy weet wanneer hy moet omdraai voordat hy te ver gaan.

Ons almal weet dit is nie die waarheid nie. As 'n mens eers een keer toegee het aan jou nuuskierigheid oor die verleiding, gaan jy nie ophou toegee aan die verleiding nie. Die duiwel is 'n uitgeslape kalant. Hy sit net eers 'n bietjie aas neer vir jou sondige geaardheid. En as jy vir daardie bietjie aas ingegee het en sien dat jy niks oorgekom het nie, gaan jy die groter aas vat wat hy 'n bietjie verder neersit. En elke keer word 'n mens se sondige begeertes bevredig.

Daarom beveel die Here ons om selfbeheers en nugter te wees. Die woord wat ons met *selfbeheers* vertaal kan ook met *verstandig* vertaal word. Iemand wat verstandig is, is nie impulsief nie en word nie deur sy emosies heen en weer geslinger nie. Ons moet dus verstandig wees oor die tye waarin ons lewe. Petrus praat van die einde van alles wat naby is. Daarmee bedoel hy inderdaad dat die einde van die wêreld naby is. Maar al is die einde

van die wêreld nog 'n duisend jaar ver, is my en jou einde baie nader as 'n duisend jaar.

Die duiwel weet sy tyd is min. Die dag dat Jesus Christus finaal met hom gaan afreken is naby. Daarom sal hy op elke denkbare manier verleidings soos aas voor die sondige natuur van die gelowiges uitgooi. Hy probeer alles om die mense weer in die hande te kry vir wie Jesus Christus aan die kruis gesterf het en vir wie die Heilige Gees weggehaal het uit die ryk van die duisternis uit.

Daarom moet ons verstandig wees en nie te veel van onself dink nie. Ons moet verstandig onthou dat ons swak sondaars is. En wees nugter. Dit wil sê wees op jou hoede. Hou jou gedagtes skoon en helder sodat jy die verleidings van die wêreld kan herken.

Waarvoor bid 'n mens dan? Natuurlik begin 'n mens by die bede wat die Here Jesus ons leer: *Lei ons nie versoeking nie maar verlos ons van die Bose*. Daarin erken ons ons eie swakheid en dat ons nie sterk genoeg is nie vir die verleidings nie. Ons bid om die krag van die Heilige Gees sodat ons die verleiding kan weerstaan en oorwin. Op hierdie wyse gee die Heilige Gees ook aan ons die oorhand oor ons sondige natuur en stukkie vir stukkie maak ons die sondige natuur dood met gebed.

Petrus kan medegelowiges nie sterk genoeg oproep om selfbeheers en nugter wees sodat hulle kan bid nie. Hy weet wat gebeur as jy nie waak en bid nie. Jesus het hom en die ander dissipels drie maal aangesê om te waak en te bid. Maar hy het nie. Drie maal na mekaar het Jesus vir Petrus en die ander dissipels aan die slaap gekry. En toe die versoekings kom, het Petrus vir die een versoeking na die ander geval. Hy het Malgus se oor afgekap toe Malgus Jesus gevange kom neem het.

En toe Jesus na die hoëpriester se huis geneem is, het Petrus ewe kordaat saamgegaan. Nie te naby nie, want die verleiding het al sterker in hom gegroei om sy eie lewe te beskerm. Maar naby genoeg dat hy nie daarvan beskuldig kan word dat hy soos die ander dissipels bang-bang weggehardloop het nie. En daar in die binnehof by die vuur kom skud Satan die sif waarin Petrus is met die hande van drie mense rondom die vuur. Maar in hierdie stadium het die verleidelike begeerte so 'n houvas op Petrus gehad dat hy nie meer selfbeheers en nugter was nie. Drie maal na mekaar het hy Jesus verloën en die derde keer het hy gevloek en gesweer dat hy Jesus nie ken nie (Mark 14:71).

Geliefdes, wanneer die Here vir ons sê om te waak en te bid sodat ons nie in versoeking kom nie, is dit nie maar net goeie raad wat Hy aan ons gee nie. Dit is 'n bevel. Laat ons aanhoudend op grond van Christus se verdienste smee om die behoud van ons geloof en vir die krag van die Gees. As ons dit nie doen, kan ons val en soms sal ons verseker val.

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking – nie omdat ons gebed so goed en mooi is nie, maar omdat ons God so getrou en regverdig is.

Amen!

Slotgebed

Psalm 28:6, 7, 8 (p. 133) (op die melodie van Ps 134)

6 Geloofd sy God, Hy het sy oor / geneig en weer my stem gehoor;
my sterkte en my hulp is Hy, / 'n skild my altoos dig naby.

7 Dus steun my hart net op u mag, / en jubel ek met al my krag.

U is ons sterkte en teëweer, / 'n rots vir u gesalfde, HEER!

8 Verlos ons uit benouenis, / en sien hul wat u bondsvolk is;
wees hul 'n herder vir altyd, / en dra hul tot in ewigheid!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Junie 2016